

Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18

Fokusgedeelte: Filippense 2:15-16

Besef jy dat jy reeds besig is om die evangelie te verkondig deur jou lewe van gehoorsaamheid aan God?

Baie gelowiges dink aan die Here se opdrag tot evangelisering as iets buitengewoons of bykomend tot hulle “gewone” lewe as gelowiges. Dat hulle “iets buitengewoons en moeilik” moet gaan doen, deur byvoorbeeld met ’n ongelowige in gesprek te tree oor sy of haar geloof. Dit is natuurlik nie waar nie! Om te evangeliseer, is nie ’n bykomende opdrag nie, dit is ’n lewenswyse! En dit is wat die Here ons vandag uit hierdie Skrifgedeelte wil leer.

Jou lewe as gelowige kind van God tussen ongelowige mense is reeds evangelisering! Jou lewenswyse is alreeds die gesprek met ongelowiges! Met jou optrede as gelowige in jou daaglikse werk, in die wyse waarop jy God se Woord gehoorsaam, verkondig jy reeds Jesus Christus. Jy is reeds besig om soos ’n lig in ’n donker wêreld te skyn deurdat jy aan God gehoorsaam bly en elke dag volgens sy Woord lewe.

Die Here moedig ons deur Paulus aan om met nougesette gehoorsaamheid skerper “skynende ligte” in ’n donker wêreld te wees! Hoe meer ons God gehoorsaam en nie toegee om soos die wêreldse mense rondom ons korrup en onsedelik te lewe nie, hoe helderder skyn ons lig! Hoe harder en duideliker verkondig ons Jesus Christus as die Weg, die Waarheid en die Lewe! En wat ’n wonderlike troos dat God ons toerus (vs 13), ons gewillig en bekwaam maak om hierdie evangeliserende lewe te leef! Nie as een of ander besondere of buitengewone gawe van die Gees nie, maar as ’n daaglikse leef in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

Êrens evangelisasie gaan doen? Nee, leef die lewe van ’n evangelis van Jesus Christus! Laat Christus se lig helder in en deur jou lewe skyn!

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 5

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)